# Hoofstuk van die dag: Romeine 13

> *Dit is ook waarom julle belasting betaal, want die owerhede is dienaars van God en hulle is besig om hulle opdrag uit te*

*voer. (13:6)*

Baie mense (die meeste van ons?) voel kriewelrig, om nie te sê wrewelrig nie, as dit by die betaal van belasting kom. Hulle sal jou gou daarop wys dat ons swaarverdiende belastinggeld nie oordeelkundig aangewend word nie. Dat baie goed wat ons belasting behoort te dek, nie gedek word nie. Daarom moet jy ekstra betaal vir betroubare krag en water, vir beskerming, ens.

Dis belangrik om te onthou dat die owerhede wat belastings destyds gehef het, ook nie juis almal tevrede gestel het nie. Die einste Romeinse owerheid aan wie Paulus se lesers hulle moes onderwerp (vers 1), het uiteindelik die Christene hewig vervolg, en vir Paulus onthoof. Toe Jesus gevra is oor belasting, was Hy ook ondubbelsinnig daaroor dat aan die keiser gegee moet word wat hom toekom (Mark 12:17). En ook Hy is deur die Romeinse owerheid vermoor.

Dit is so dat die owerheid soms erg droogmaak. Dít hoef ons nie gelate te aanvaar nie. Ons mag (en móét) hulle verantwoordbaar hou. Want die owerheid is in diens van God, en dit is geen geringe verantwoordelikheid nie.


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026